# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Een

### Bybelteks: Matteus 2:1-12

Tradisioneel vind die Gebedsweek vir Christelike Eenheid in die Suidelike Halfrond rondom Pinkster plaas. Ons bid dit op die dae wat Pinkster voor-afgaan. Gedurende dié Gebedsweek kom Christene uit baie verskillende tradisies en kerkgenootskappe regoor die wêreld bymekaar om te bid vir die eenheid van die Kerk. Bronmateriaal vir vanjaar se Gebedsweek is voorberei deur die Raad van Kerke in die Midde Ooste. Hulle het die tema gekies: "Want ons het sy ster in die Ooste gesien, en ons het gekom om eer aan Hom te bewys" (Matteus 2: 2). In hierdie moeilike tye het ons meer as ooit 'n lig nodig wat in die duisternis skyn en daardie lig, vir ons Christene, is in Jesus Christus openbaar.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur 'n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.

© Die Oratorium Uitgewery